# BYLAE A
# OORBRUGGINGSTRATEGIE VIR DIE OORGANG VAN GRAAD 3 NA GRAAD 4: 2023 – 2024

**DIREKTORAAT: KURRIKULUM AOO**

# Voorgestelde oorbruggingstrategie vir die oorgang van graad 3 na graad 4, 2023 – 2024

(LW: Die inhoud van die voorstelle word bepaal deur die skoolkonteks.)

**VOORGESTELDE BEPLANNING VIR KWARTAAL 4**

- ✓ **Graad 3-leerders voltooi die formele assessering vir Kwartaal 4 teen 24 November 2023.**
- ✓ Die tydperk vanaf **27 November tot 08 Desember 2023** moet gebruik word vir die oorbruggingsproses van graad 3 na 4.

## VOORBEREIDINGS VIR DIE WEEK VAN 27 NOVEMBER 2023

**1. Voorbereiding vir diagnostiese assessering in geletterdheid en gesyferdheid**

- ✓ Skole berei afskrifte van toetse voor.
- ✓ Skole verdeel die toetse tussen onderwysers om nagesien te word.
- ✓ Datums vir toetse word vasgestel en ouers word daarvan ingelig.
- ✓ Ouers word ingelig oor die doelstellings van die proses.

**2. Na afloop van diagnostiese assessering**

- ✓ Assesserings word nagesien en opgeteken.
- ✓ Uitslae word ontleed.
- ✓ Skoolbestuurspan (SBS) doen kwaliteitversekering.
- ✓ Leerders met soortgelyke leerervarings, word saam in groepe geplaas.
- ✓ Onderwysers vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSEN) help om intervensiestrategieë te ontwikkel.
- ✓ SBS neem 'n besluit oor die groepering van leerders om intervensieplanne te ondersteun.
- ✓ Graad 4-opvoeders beplan differensiasiestrategieë vir **2024.**
- ✓ Toewysing van klasse vir **2024** word gedoen. (Kan afhang van die SBS se besluit.)

## FORMELE OORHANDIGINGPROSES VIR OORGANG VAN GRAAD 3 NA GRAAD 4

**1. Voorbereiding deur graad 3-opvoeders**

- ✓ Sorg dat die leerderportefeuljes voltooi en vir elke leerder beskikbaar is.
- ✓ Sorg dat die volgende duidelik aangedui word:
  - o Risiko-leerders.
  - o Leerders wat graad 3 herhaal.
  - o Leerders wat in 2023 met ondersteuning na graad 3 gevorder is.
  - o Inligting oor leerders met 'n LSEN-rekord.

**2. Prinsipaal bepaal datums en tydraamwerke aan die begin van Kwartaal 4.**

# DIE OORHANDIGINGSPROSES

**(Op die dag/dae van oorhandiging)**

**1. Bespreking van elke leerder se vordering in 2023 word gedoen**

Alle graad 3- en 4-opvoeders is teenwoordig tydens die besprekings.

- ✓ Huislike omgewing van leerders.
- ✓ Sterkpunte.
- ✓ Swakhede.
- ✓ Bespreek watter leerders lopende skrif bemeester het en stel voor watter leerders moet voortgaan om drukskrif te gebruik.
- ✓ Dui aan watter van die leerders nog nie onafhanklik kan werk nie – maak voorstelle en aanbevelings.

**2. Opvoeders maak aantekeninge**

Aantekeninge word gemaak oor die voltooiing van die kurrikulum en die mate waarin konsepte uit die kurrikulum gedek is.

**3. Groepering in onderskeie klasse**

Na afloop van die bespreking groepeer die graad 3-opvoeders die leerders in die onderskeie klasse, met die voormelde besprekings in gedagte.

# VOORBEREIDINGS VIR DIE GRAAD 4-OPEDAG

**1. Voorbereiding deur graad 3-opvoeders**

Graad 3-opvoeders berei die leerders voor vir die **OPEDAG, wanneer hulle aspekte van graad 4 sal verken**.

- ✓ Kommunikasie met ouers en versorgers.
- ✓ Emosionele en psigososiale voorbereiding van leerders.
- ✓ Deel van inligting oor werkwyse met leerders in graad 4.

**2. Voorbereiding deur graad 4-opvoeders vir die OPEDAG in 2024**

- ✓ Berei maklike/stimulerende take voor wat leerders op hul eie sonder die ondersteuning van die opvoeder kan voltooi, en leerders sal aanmoedig om deel te neem wanneer hulle opdaag.
- ✓ Gee vir leerders 'n paar los bladsye en stel hulle voor aan lopende skrif en Ierse liniëring.
- ✓ Berei prettige aktiwiteite/oefeninge vir al die vakke in die Intermediêre Fase (IF) voor om leerders aan nuwe vakke bekend te stel. Breinkaarte vir die verskillende vakke kan goed werk.
- ✓ Beplan 'n rooster vir die dag waar elke IF-vak gedek word. Die ervaring kan verbeter word deur 'n skoolklok te gebruik.
- ✓ Take moet binne 'n sekere tydraamwerk voltooi word.

# DIE OPEDAG

## Die volgende word sterk aanbeveel vir die Opedag:

### 1. Opvoeders ruil klasse uit

- ✓ Graad 3-leerders gaan na die graad 4-klasse.
- ✓ Graad 4-opvoeders neem die groep waar wat hulle ontvang het.
- ✓ Graad 4-opvoeders kyk na wat graad 3-leerders behoort te kan doen.

### 2. Leerders ervaar hul nuwe omgewing

- ✓ Laat leerders by hul nuwe lessenaars sit.
- ✓ Verduidelik wat 'n rooster is en hoe om dit te lees.
- ✓ Leerders ontvang Taal- en Wiskunde-krabbelboeke met 'n oorsig van die werk vir Kwartaal 1. Plak 'n pragtige prentjie op die boeke se voorblaaie en laat leerders dit inkleur. Plak die klasreëls en roetines in hul boeke en stuur dit huis toe sodat ouers daarby kan teken.
- ✓ 'n Paar speletjies vir die twee vakke sal leerders help om op hul gemak te wees vir die onbekende wat voorlê.
- ✓ Gee leerders die geleentheid om vrae te vra oor dinge wat hulle dalk wil weet (prikkel hul nuuskierigheid en help hulle om gemaklik te voel om vrae te vra).
- ✓ Reël speletjies in aangewese areas op die speelgrond.
- ✓ Verduidelik roetes en areas op die skoolgronde aan graad 4-leerders.

### 3. Alle noodsaaklike inligting en aanbevelings moet skriftelik gedoen word

- ✓ Ouers wat nie die Opedag kan bywoon nie, ontvang die inligting saam met die rapport.
- ✓ Nuwe ouers ontvang die inligting wanneer hulle leerders inskryf.

### Opsioneel

**Ouers** word uitgenooi en verwagtinge word weergegee.

- ✓ Verskeie vakke.
- ✓ Verskaf die name van nuwe opvoeders.
- ✓ Deel nuwe boeke en handboeke uit.
- ✓ Huiswerk en die kontrolering daarvan.
- ✓ Kleredrag vir Liggaamlike Opvoeding.
- ✓ Tempo.
- ✓ Lees.
- ✓ Slaaptyd.

**VERKRY TOEGANG TOT DIE GRAAD 4-BOEKIES VIR OUERS BY:** https://tinyurl.com/wd22fxdn

## RIGLYNE VIR OUERS TYDENS DIE VAKANSIE VAN SES WEKE

1. Gebruik keurige taal wanneer jy met jou kinders gesels.
2. Laat jou kinders toe om take op hul eie te doen.
3. Gee jou kinders twee tot vier take om te doen, bv. "Gaan haal die besem en skoppie vir Mamma. Maak die deur toe as jy uitgaan."
4. Leer jou kinders om na instruksies te luister.
5. Leer jou kinders hoe om vrae te vra sodat hulle dit in die klas kan doen wanneer hulle onseker is.
6. Lees soveel stories moontlik saam met jou kinders, of laat iemand dit vir hulle lees.
7. Laat hulle probeer om voorspellings oor die leesstuk te maak, of vra vrae daaroor, bv. "Wat dink jy gaan gebeur?"
8. Gee jou kinders die geleentheid om gedurende die vakansie deur die handboeke te blaai om gemaklik te raak met die standaard en soort teks wat in die nuwe fase verwag word.
9. Maak jou kinders bewus van die wêreld van getalle: Laat jou kinders saam met jou inkopies doen. Laat hulle pryse vergelyk en somme maak met geld. Laat jou kinders by die huis instrumente gebruik om massa, volume en lengte te meet. Speel kaartspeletjies, domino's en ander bordspeletjies. Doen woordsomme en laat hulle tel deur items soos klippe, Lego-blokkies, ens. te gebruik.
10. Beklemtoon die belangrikheid van dissipline en selfbeheer. Dit is wat nodig is om sukses te behaal op skool.
11. Boeke moet oorgetrek word.

**Besoek die WKOD se e-Portaal by:** https://wcedeportal.co.za/bridging-grade-3-to-grade-4